Kwartaal 1 Hersiening

Finansiële geletterdheid

In Kwartaal 1 het jy meer rekeningkundige konsepte bestudeer. 'n Eenmansaak is die eienaar van 'n besigheid en die persoon wat al die kapitaal voorsien. Die eerste transaksie wat hy of sy doen, is om 'n bankrekening in die naam van die besigheid te open. Die eenmansaak gebruik die geld om bates te koop en die besigheid te begin. Gedurende die maand ontvang hy of sy inkomste van verkope en betaal uitgawes. Brondokumente byvoorbeeld kwitansies, tjekteenblaaie, bankstate ensovoorts word gebruik om daagliks die kontantbetalings en kontantontvangste in die hulpjoernale aan te teken. Die verskil tussen die inkomste en uitgawes identifiseer die wins of verlies wat die besigheid gedurende 'n spesifieke tydperk gemaak het. Enige skuld van die besigheid word laste genoem. Bates minus laste dui die eienaarsbelang aan, wat die waarde van die eienaar se belegging in die besigheid is. Die eienaarsbelang bestaan uit die kapitaal minus die onttrekkings plus wins (of minus die verlies).

Voorgestelde antwoorde vir hersieningsvrae

1. Brondokumente voorsien bewyse dat 'n transaksie plaasgevind het. √√ Elke tipe brondokument verteenwoordig 'n verskillende tipe transaksie. √√ Oorspronklike brondokumente word aan die kliënte gegee en die afskrif word gebruik om die transaksie aan te teken. √√ Oorspronklike brondokumente word vanaf verskaffers en die bank ontvang. √√ (Maks. 6) Byvoorbeeld: kwitansie, kontantfaktuur, tjekteenblad, bankstaat, kasregisterrol.
   (Enige 3 × 1 punt) (9)
2. Die rekenkundige vergelyking dui aan hoe 'n transaksie die bates, laste of die eienaarsbelang beïnvloed. √√ Die formule is: Bates = Laste + Eienaarsbelang. √ Voorbeeld: kontant deur die besighede ontvang vir dienste beïnvloed die rekenkundige vergelyking: Bates + (bank) en Eienaarsbelang (fooiinkomste) + √ (Maks. 5)
3. Wees oordeelkundig. Die leerder moet die terminologie reg gebruik, maar in enige volgorde. Voorbeeld-antwoord:
   Ek wil 'n besigheid as 'n eenmansaak begin – as die enigste eienaar. √√ Dit beteken dat ek die geld en goedere as kapitaal moet voorsien. √√ Die eerste transaksie sal wees om 'n bankrekening te open √√ sodat ek banktransaksies kan doen. √√ Die geld sal gebruik word om bates soos toerusting aan te koop. √√ Indien ek geld leen vir die besigheid, sal dit skuld wees wat 'n las genoem word. √√ Inkomste sal ontvang word deur geld van kliente te kry vir dienste √√en ek sal uitgawes moet betaal, soos vir huur, versekering, skryfbehoeftes en lone. √√ (Maks. 10 punte)

4.1	Alleenhandelaar	4.9	Lewe	4.17	Bates
4.2	Wins	4.10	Debiet	4.18	Uitgawes
4.3	Skuld	4.11	Krediet	4.19	Las
4.4	Diens	4.12	Kapitaal	4.20	Eienaarsbelang
4.5	Besluite	4.13	Besigheidsaandeel	4.21	Onttrekkings
4.6	Verantwoordelikheid	4.14	Besigheid	4.22	Verminder
4.7	Belasting	4.15	Transaksie	4.23	Inkomste
4.8	Winste	4.16	Bank	4.24	Besteding
				4.25	Wins

Die Ekonomie

In die eerste kwartaal het jy omtrent die verskillende vlakke van die regering geleer, wat insluit:

- nasionale regering
- provinsiale regering
- plaaslike regering.

Die regering is een van die drie rolspelers wat met mekaar saamwerk as produsent sowel asverbruiker. Die ander twee rolspelers is huishoudings en besighede.

Die regering trek elke jaar 'n Nasionale Begroting op, wat die uitgawes van verskeie dienste aan die mense van Suid-Afrika bepaal. Die geld, wat bekend staan as die inkomste, wat vir hierdie dienste moet betaal, is afkomstig van twee soorte belasting:

- direkte belasting kom van persoonlike inkomstebelasting en maatskappybelastings.
- indirekte belasting kom vernaam van BTW.

Die dienste wat die regering voorsien word deur staatsdepartemente bestuur, en sluit die Departement van Vervoer en die Polisiedepartement (Suid-Afrikaanse Polisiediens) in, wat na veiligheid omsien.

'n Belangrike oogmerk van die Nasionale Begroting is om ongelykheid aan te spreek en ekonomiese groei deur sy verspreiding van inkomste aan die verskillende departemente te bewerk.

© Oxford University Press, Southern Africa 2013

Voorgestelde antwoorde vir hersieningsvrae

1. Nasionale, provinsiale en plaaslike regering. (3)
2. Direk – belasting wat direk aan SARS (Suid-Afrikaanse Inkomstediens) betaal word √√. Byvoorbeeld: inkomstebelasting en maatskappybelasting. √
   Indirekte belasting – belasting wat aan tussengangers betaal word. √√ Byvoorbeeld: BTW√. (6)
3. 'n Jaarlike plan van hoe die regering beoog om die inkomste te spandeer. √√ (2)
4. Ontwikkeling is noodsaaklik vir die ondersteuning van ekonomiese groei. √ Ontwikkelende lande industrialiseer baie maal wanneer hulle ontwikkel, √ wat baie maal 'n negatiewe impak op die omgewing tot gevolg het √, soos besoedeling van lug en water√. Dit hoef egter nie te gebeur nie. √ Met stankbeheer √ kan ontwikkeling volhoubaar wees. (6)

© Oxford University Press, Southern Africa 2013